# KOMMUNIKAMMA 8 JUNIE 2025

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 1 Junie**
**PINKSTERFEES**
**09:00 NAGMAAL**
**Skriflesing:** Hand 2:1-13
**Tema:** Die Vuur wat ons aan die brand steek.
**Biddag vir Jeug en Kategese**

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir WWJD**

**PROJEK WINTERHOOP**
Kraggakamma gemeente is een van die aflaaipunte vir projek Winterhoop in Juniemaand. Alles wat by ons gemeente geskenk word, gaan steeds vir ons bediening by PE-Noord en Algoa Gemeenskapkerk.

**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**Maandag 9 Junie**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Woensdag 11 Junie**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Donderdag 12 Junie**
**15:00 Persone wat lamvleis en wildswors bestel het kan dit op Donderdag 12 Junie vanaf 15:00 by die kerk kom oplaai.**

**Vrydag 13 Junie**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 15 Junie**
**VADERSDAG**
**Nasionale biddag vir blindes**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

**Maandag 16 Junie**
Kermis van 08:30 - 12:30
Program vir die dag:
07:30 Pannekoek, Brekkie buns en koffie & tee
08:00 Res van Kermis skop af
08:00 Pretdraf of -stap
12:30 Afsluiting

**Ons benodig jou hulp:**
- Ons benodig gebakte en koue poedings
- Ons kort gebak vir die gebaktafel
- Ons kort hulp met die verkoop van kaartjies

**Kaartjies vir gelukkige trekking**
Help ons asseblief om kaartjies te verkoop vir die gelukkige trekking wat op die kermis gedoen gaan word. Kaartjies kos R25.00 per persoon. As jy 10 kaartjies in 'n boekie verkoop, kan jy jou naam gratis op kaartjie no. 11 invul. Boekies is by die kerkkantoor beskikbaar. Kaartjies kan ook op die kermis gekoop word.
Pryse :
1ste prys - 1 Skootrekenaar: Lenovo 8GB, 256GB SSD
2de prys - Zuurberg Inn Addo: 2 nagte, 2 persone, bed, ontbyt en aandete
3de prys - Nine Oaks Paarl: 2 nagte, 2 persone self sorg
4de prys - 1 lam opgesny.
5de prys - Sunridge Village koopbewys van R500.00.
6de prys - Sunridge Village koopbewys van R500.00.

Kontak asb. die kerkkantoor indien jy betrokke wil raak.

**GEBEDSAKE:**
- Dank die Here vir 'n geseënde Pinksterweek.
- Bid vir die volgende geleenthede in ons gemeente:
  Kermis 16 Junie
  Avontuurweek, 7-11 Julie
- Almal wat besig is met toetse en eksamens.
- Buddy van der Merwe, Veneto Keyter en Trevor Derbyshire beleef groot gesondheid uitdagings.
- Bessie Petzer is steeds in die hospitaal.
- Tina van der Merwe wat tans in die hospitaal is.
- Beplanning van Oos-Kaaplandse Sinode wat van 13-16 Oktober plaasvind.
- Dat onderwys op die Here as fondament gebou sal word. Vir Christelike waardes en norme in skole – hier en wêreldwyd.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.

**THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVEROEK**
Bid saam met Jesus-volgelinge in die **Maldives** sodat hulle op kreatiewe maniere sal groei, saam aanbid en getuig binne 'n erg beperkende konteks.

## WORD BETER TOEGERUS VIR JOU DANKBAARHEIDSDIENS

In die snel veranderende wêreld gaan bedienaars ‘n al groter rol in die kerk speel. Of dalk het jy die roeping of sommer net die behoefte om beter toegerus te word in jou dankbaarheidsdiens aan die Here. ’n Skrywe met meer inligting oor die opleiding van bedienaars en ook oor ‘n Zoom inligtingsessie op 17 Junie van 18:00-20:00, verskyn op ons webblad.

## NUWE LIDMATE

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

## AVONTUURWEEK 2025







Avontuurweek word die week van 7 tot 11 Julie 2025 by Kraggakamma Gemeente aangebied. Die tema is True North en belowe om pret te wees vir al die 5 – 12 jarige maats. Ons benodig ons hoërskool jeug as leiers en ook volwassenes wat deur die week kan help. Indien jy wil inskryf, kan jy die kode-blokke skandeer of die volgende skakel volg:

Laerskool inskrywings: https://forms.gle/jDfQYfCskG7oCnLC9
Hoërskool inskrywings: https://forms.gle/1LA44h1cyJ4egrPP6
Kontak ds. Toit (084 241 2916), Riëtte (083 320 1850) of die kerkkantoor vir meer inligting.

## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 8 Junie | Cilliers Jooste, Gerrit Lombard, Hugo Nothnagel, Marieta Steenkamp, Xander Theron en Heinrich van Rooyen |
| 9 Junie | Elize Botha, Dané Cronje, Elize Els, Chanté Kotze, Rinaldo Loftie-Eaton, Cobus Marx, Paul Retief, Anna Smith en Salome van der Riet |
| 10 Junie | Liezl-Marie Human, Antoinette Nel en Jessi Strydom |
| 11 Junie | Antoinette Esterhuyse, Jaco Grobler, Philip Hanekom, Theresa Lombard, Elaine Marais en Anli Roets |
| 12 Junie | Maureen Derbyshire, Karla du Toit en Carlen Rudolph |
| 13 Junie | Suzie Bruwer, Frederik van Niekerk en Koot Verster |
| 14 Junie | Henry Claassen en Adéle Langenhoven |

## DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan